**DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS**

**14 Augustus 2023**

# ALGEMENE SIMPOSIUM DONDERDAG 28 EN VRYDAG 29 SEPTEMBER 2023

Die simposium word in hibriede formaat aangebied:

- In persoon: Kunslokaal, SA Akademiegebou, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria.
- Aanlyn: ’n Skakel sal voorsien word.

Geagte Akademielid en ander belangstellendes

Hiermee inligting vir vanjaar se Algemene Simposium wat vanjaar in hibriede formaat aangebied word. Akademielede en ander belangstellendes word aangemoedig om die simposium by te woon en die inskrywingsvorm te voltooi en om kennis te neem van die interessante program. Die tema vir vanjaar se simposium is **Volhoubare menslike welstand in Suid-Afrika**.

Die wêreld se bevolking het in November 2022 die agt miljard kerf verbygesteek. Die Verenigde Nasies (VN) het hierop ’n beroep gedoen op solidariteit in die bevordering van volhoubare ontwikkeling vir almal. Die VN is van mening dat deur die doelwitte vir volhoubare ontwikkeling te bereik, menseregte te respekteer en niemand agter te laat nie,’n wêreld ingelui kan word waar almal potensieel kan floreer. Dit is ’n duidelike oproep op die mensdom om ons nie blind te staar teen die getalle nie, maar ons gedeelde verantwoordelikhede na te kom om mense en die planeet te beskerm. Daar behoort by die mees kwesbares begin te word.

Suid-Afrika het ook oor die afgelope dekades ’n geweldige bevolkingstoename ondervind, wat druk op verskeie samelewingsektore plaas. Die vraag is hoe Suid-Afrikaners ’n bydrae kan lewer om die welstand van ons mense volhoubaar te verbeter en die planeet te help beskerm?
Die vraag is ook wat die implikasies van Kunsmatige Intelligensie (KI) op die lewens van Suid-Afrikaners is – positief en/of negatief. Hoe kan KI meehelp om die gemeenskap en ook die planeet te beskerm.

Vind hierby ingesluit die inskrywingsvorm en die voorlopige program.

Prof. Anne-Marie Beukes
Hoof- Uitvoerende Beampte

# Program

## Donderdag 28 September 2023

**<u>In persoon</u>:**
SA Akademiegebou, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

**<u>Aanlyn</u>:**

- 'n Skakel sal gestuur word vir die Algemene Jaarvergadering
- 'n Afsonderlike skakel word gestuur vir die simposium op Donderdag

(Aanlyn bywoning slegs vir persone wat <u>nie</u> in Pretoria of Johannesburg of omgewing woon en wat nie die simposium in persoon kan bywoon nie)

| | |
|---|---|
| Vanaf 08:30 | **REGISTRASIE** |
| 09:00–10:00 | **Algemene Jaarvergadering van die SA Akademie** |
| 10:00–10:30 | **Konstituering van die nuwe Akademieraad**<br>(slegs nuutverkose raad) |

| | |
|---|---|
| 10:00–10:50 | **Tee/koffie en verversings** |

| | |
|---|---|
| **10:00–10:50** | **Engelenburghuismuseum: Toer vir belangstellendes**<br>(Bespreek asseblief vooraf by linda@akademie.co.za) |

| | |
|---|---|
| Vanaf 08:30 | **REGISTRASIE** |
| 09:00–10:00 | **Algemene Jaarvergadering van die SA Akademie** |
| 10:00–10:30 | **Konstituering van die nuwe Akademieraad**<br>(slegs nuutverkose Raad) |

| | |
|---|---|
| 10:00–10:50 | **Tee/koffie en verversings** |

# SIMPOSIUM

## Tema:

## Volhoubare menslike welstand in Suid-Afrika

| | |
|---|---|
| 10:55–11:00 | Verwelkoming |
| **Sessie 1** | **KI in die literatuur, geskiloplossing en die argiefwese** |
| 11:00–11:20 | *Teksproduksie en literatuur: Die implikasies van kunsmatige intelligensie* – Dr. Amanda Marais, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch |
| 11:20–11:40 | *Hoe ’n nis-kredietburo as sentrale onderhoudsregister kan funksioneer, aanlyn geskiloplossing fasiliteer en alternatiewe geskiloplossing bevorder* – Laurie Greyvenstein, Geakkrediteerde Mediator, Social Juctice Stigting |
| 11:40–12:00 | *Kunsmatige intelligensie en Suid-Afrikaanse argiewe: ’n Voorlopige verkenning* – Barend van der Merwe, Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) se institusionele argief |
| 12:00–12:20 | Bespreking |

| | |
|---|---|
| **12:20–13:20** | **Middagete** |

| | |
|---|---|
| **Sessie 2** | **KI en die onderwys** |
| 13:20–13:50 | *Kunsmatige intelligensie in die konteks van hoër onderwys: 'n Twisgesprek oor tegnologiese ontwikkeling* – Prof. Shana R Ponelis en prof. Jacques C du Plessis, Skool vir Inligtingstudies, Universiteit van Wisconsin-Milwaukee |
| 13:50–14:20 | *Geleenthede en vrae oor opleiding in die toekomstige arbeidswêreld van die jeug* - Dr. Japie Greeff, Adjunkdirekteur, Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels, NWU. |
| 14:20–14:40 | Bespreking |

| | |
|---|---|
| **14:40–15:10** | **Tee/koffie en verversings** |

| | |
|---|---|
| **Sessie 3** | **KI, uitdagings en 'n toekomperspektief** |
| 15:10–15:30 | *Kunsmatige Intelligensie en kubermisdaad* – Prof. Basie von Solms, Navorsingsprofessor in Kubersekerheid, Universiteit van Johannesburg |
| 15:30–15:50 | *KI en volhoubare menslike welstand in Suid-Afrika: ’n Makro toekomsgerigte perspektief* – Dr. Rianne van Vuuren, Geopolitieke konsultant, Pretoria & Vennoot, Instituut vir Toekomsnavorsing (ITN), Stellenbosch |
| 15:50–16:10 | Bespreking |

| | |
|---|---|
| **16:10–16:20** | **Kort pouse** |

| **Sessie 4** | **Bevolkingsgroei se uitwerking op die planeet** |
|---|---|
| 16:20–16:45 | *Bevolkingsgroei se nadelige uitwerking op die volhoubaarheid van die planeet en die mensdom self – wat kan gedoen word?* – Dr. Chris Jones, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch |
| 16:45–17:00 | Bespreking |

| | |
|---|---|
| **17:00–18:00** | **Museumtoer vir belangstellendes**<br><br>(Bespreek asseblief vooraf by linda@akademie.co.za) |

| | |
|---|---|
| **18:00–19:00** | **Skemeronthaal**<br><br>**Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria** |

| | |
|---|---|
| | **Openingsplegtigheid**<br><br>**Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria**<br><br>'n Afsonderlike skakel sal gestuur word vir die Openingsplegtigheid<br><br>(Aanlyn bywoning slegs vir persone wat nie in Pretoria of Johannesburg of omgewing woon en wat nie die simposium in persoon kan bywoon nie) |
| | **Seremoniemeester:**<br><br>**Prof. Anne-Marie Beukes, HUB, SA Akademie** |
| 19:00–19:05 | Verwelkoming: Prof. Anne-Marie Beukes |
| 19:05–19:30 | Uittreerede van die voorsitter: Prof. Oppel Greeff |
| 19:30–20:00 | Gasspreker: Prof. Jannie Rossouw, Wits Besigheidskool, Universiteit van die Witwatersrand<br>Tema: Bevolkingsgroei en die ekonomie |
| 20:00–20:10 | Afsluiting en bedankings – Nuwe voorsitter van die Akademieraad |

# Vrydag 29 September 2023

**In persoon:**
SA Akademiegebou, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

**Aanlyn:**
'n Skakel vir die simposium op Vrydag sal gestuur word
(Aanlyn bywoning slegs vir persone wat nie in Pretoria of Johannesburg of omgewing woon en wat nie die simposium in persoon kan bywoon nie)

| **08:30–09:00** | **REGISTRASIE** |
|---|---|

| | **Koffie/tee** |
|---|---|

| **Sessie 5** | **Uitdagtings en geleenthede** |
|---|---|
| 09:00–09:20 | *Suid Afrika, ’n land met uitdagings, wat steeds geleentheid bied vir groei:* Shéri Brynard, Assistentonderwyser by Lettie Fouche, ’n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes, Bloemfontein |
| 09:20–09:30 | Bespreking |

| 09:30–09:50 | **Koffie/tee en verversings** |
|---|---|

| **Sessie 6** | **Bevolkingsgroei en klimaatsverandering** |
|---|---|
| 09:50–10:10 | *Klimaatsverandering: Realiteite, verantwoordelikhede en optrede:* Prof. Hannes Rautenbach, Hoofredakteur, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT) |
| 10:10–10:30 | *Lei bevolkingsgroei ons na globale hongersnood?* Dr. DP Troskie, Direkteur: Besigheidbeplanning en Strategie<br>Wes-Kaapse Departement van Landbou |
| 10:30–10:50 | *Komplekse skakels tussen bevolking, volhoubare ontwikkeling en klimaatsverandering*<br>*Water: die spilpunt wat die toekoms van Suid-Afrika sal bepaal* – Prof. François Durand, Departement Dierkunde, Universiteit van Johannesburg |
| 10:50–11:10 | Bespreking |

| **11:10–11:30** | **Koffie/tee** |
|---|---|

| **Sessie 7** | **Onderwys, gesondheid en geopolitieke herstrukturering** |
|---|---|
| 11:30–11:50 | Prof. Michael le Cordeur (Universiteit Stellenbosch) oor bevolkingsaanwas en uitdagings in die onderwys (titel moet nog gefinaliseer word) |
| 11:50–12:10 | *Bevolkingsgroei en goeie gesondheid*: Dr. Angelique Coetzee, Solidariteit Doktersnetwerk se Adviesraad; Voorsitter van die Gesondheidskomitee van die South African United Business Confederation; en lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Regskundiges. |
| 12:10–12:30 | *Geopolitieke herstruktering en 'n nuwe volhoubaarheid*: Prof. Dirk Kotzé, Departement Politieke Wetenskappe, Unisa |
| 12:30–12:50 | Bespreking |

| **12:50–13:00** | **Afsluiting: Nuwe voorsitter van die Akademieraad** |
|---|---|

| **13:00–14:00** | **Middagete** |
|---|---|

---00---